## RUDOLPH BULTMANN : NIE SAAM MET DIE KERK EN SOOS DIE KERK NIE. *

Die figuur van die welbelese Duitse Nuwe Testamentikus, Prof. dr. Rudolf Bultman, sal altyd bly leef as een van die mees eksplisiete voorbeelde van wat in die Teologiese Wetenskap kan gebeur, wanneer die „ek" wat sy geloof bely, om een of ander rede of redes volstrek weier om dit saam met die Kerk te doen. Dit is in die geskiedenis van die Christelike Kerk nie onbekend dat 'n teoloog opstaan en weier om saam met die Kerk en soos die Kerk te bely nie. Ook Luther het dit gedoen Wie enigsins egter met die teologiese arbeid van Luther kennis gemaak het, sal weet, wanneer hy Bultmann lees, dat die een van die ander verwyder is sover as die ooste van die weste. Luther was nog altyd bereid om te luister hoe die Kerk van die eeue die Woord op hierdie of daardie punt verstaan het. Vir Bultmann is hierdie luister 'n verspilling van tyd en energie. 'n Eksegeet hoef nie te luister na die Kerk nie. Hy kan oor negentien eeue se kerklike teologie terugspring direk na die oorspronklike teks. Studie in die dogmatiek kan vir Bultmann niks anders as 'n vermoeing van die vlees wees nie. Dis hierdie weiering van Bultmann en die gronde van sy weiering om saam met die Kerk en soos die Kerk te luister na die Woord wat ons by hierdie geleentheid krities in oënskou wil neem. Ons wil egter ook verder aantoon dat sy weiering om saam met die Kerk en soos die Kerk te werk en te bely, verband hou met die basiese fout in sy teologiese arbeid, naamlik dat hy die norme van teologie en filosofie so hopeloos verwar het, dat 'n „kortsluiting" moes plaasvind. Is dit nie ook Luther wat gewaarsku het teen 'n verkeerde soort van verbondsluiting tussen teologie en filosofie nie ? Ons wil hier probeer aantoon dat bepaalde filosofiese dryfvere agter die verterende teologiese ywer van Bultman skuil. Dit alles wil ons nie slegs interessantheidshalwe doen nie want ons is van mening dat dit duidelik aanwysbaar is dat in ons tyd die gevaar uiters groot is, dat teoloë 'n sekere tipe van die 20ste eeuse filosofie, dit wat ons wil noem die V.V.O.-humanisme, kan verwar met die christelike gebod van naasteliefde, as sou hierdie twee groothede vereenselwig kan word.

Daar moes 'n gespanne atmosfeer geheers het in die teologiese lesingsale van die Universiteit Tübingen, toe hierdie fakulteit in 1952 die teologiese arbeid van 'n kollega as „ nadruklik vals" gekwalifiseer het ! In hulle geskrif „ Für und wider Bultmann " [1])

---

* Lesing gehou by die opening van die Teologiese Fakulteit Afd. A, Universi- 1965.
teit Pretoria aan die begin van die akademiese Jaar 1965 op 16 Februarie

spreek die fakulteit diepe bekommernis uit oor „die versteurende invloed wat vanuit die teologie van Bultman uitgaan op die studente, oor die groot getal katastrofes in die persoonlike geloofslewe van jong teologiese studente" [2]. Wat bly daar oor van die Bybelse „Kerugma" nadat Bultmann sy „Entmythologisierung" afgehandel het? Die gevolge van sy teologiese beskouings is duidelik op veral twee vlakke, naamlik die prediking en die gemeentelike lewe. Dit het duidelik geword hoe nóu die band is tussen fakulteit, kansel en die praktyk van gemeentelike lewe.

Waar lê dan die fout in die teologiese werk van Bultmann en wat is die gronde vir so 'n krasse afwysing as „valse" teologie? Welbewus daarvan dat Bultmann nie met enkele pennestrepe uit die wetenskap van die teologie geskrap kan word nie, wil ons hier enkele hooflyne uit sy denke aanstip om dit vervolgens in die gees van die Reformasie krities te beoordeel.

Vir Bultmann is die sentrale probleem in die teologie die situasie dat die Nuwe Testament deurtrek is met mites en derhalwe vir die mens van ons tyd beslis onaanvaarbaar. Mens kan nie jou radio aanskakel en elektrisiteit gebruik om direk daarna mites te lees nie. Die taak van die teoloog is om die suiwere oorspronklike Evangeliese boodskap, in sy nog ongeskonde vorm, uit te wikkel uit sy mitiese omkleding. So 'n werksaamheid noem hy „Entmythologisiering". [3]. Die Bybelse beeld van die kosmos is mities in die sin dat dit bestaan uit drie verdiepings: die aarde, die onderwêreld en die hemel. Bo-natuurlike magte gryp in in die aardse gebeure en sogenaamde wonderwerke geskied . . . . dis mitologie! Die wêreldbeeld van die moderne mens is deur die natuurwetenskap bevry van hierdie mites, dis „entmythologisiert". Deur die oortuigende bydraes van laasgenoemde wetenskap is die ou wêreldbeeld iets van die verlede. Die mens van ons eeu kan die mitiese vorm waarin die heilsgebeure tot ons kom, nie deel nie. Derhalwe is „Entmythologisierung" dringend noodsaaklik.

Die probleem wat Bultmann hier aanroer, het inderdaad **gedeeltelik** te doen met die evangelisasie-taak van die Kerk, veral in die groot stede van ons land. Ons is welbewus van die feit dat die Ned. Herv. Kerk van Afrika byvoorbeeld daartoe oorgegaan het om 'n „Raad vir Buitekerklikes" in die lewe te roep, 'n Raad wat die Kerk moet adviseer

---

1) Für und wider Bultmann, Denkschrift der Ev. Theol. Fakultät der Universität Tübingen, Tübingen 1952.

2) A.W. bls. 37.

3) *Rudolf Bultmann:* Neues Testament und Mythologie. Das Problem der Entmythologisierung der Neuestamentlichen Verkundiging, in die bundel Kerygma und Mythos herausgegeben von H. W. Bartsch, Hamburg 1948, bls. 22 v.v.

insake die weë en middele om hierdie bepaalde mense te bereik. Elke stadspredikant het sekerlik uit die praktyk geleer dat hierdie mens die kerklike taal van „versoening", „genade", „losprys", ens., ens., nie verstaan nie. Die Evangelie moet as't ware in hulle eie taal, hulle eie spreekvorm „vertaal" word voordat hulle dit verstaan. In Johannesburg en elders moet die predikant soms gedurende die etensuur dit „waag" om tussen hierdie mense, tussen die staal en die yster van die fabriek te gaan staan, in 'n poging om die Evangelie in hulle eie spreekvorm te verkondig. **In soverre** wil ons met Bultman saamstem, dat die 20ste eeuse mens op heel besondere wyse benader moet word. Hierdie wyse benadering is egter by verre nie wat Bultmann bedoel met „Entmythologisierung" nie. Laat ons sien wat Bultmann bedoel. In mitologiese spraakgebruik lui die Nuwe Testamentiese verkondiging soos volg. „Toe die tyd vervul was, het God Sy Seun gestuur. Hy, 'n pre-eksistente goddelike Wese, verskyn dan op aarde as 'n mens. Deur Sy dood aan die kruis bewerk Hy versoening vir die sonde van die mense. Sy opstanding is die begin van 'n kosmiese katastrofe waardeur die dood, wat deur Adam in die wêreld gekom het, vernietig word. Die opgestane Heer het na die hemel opgevaar waar Hy sit aan die regterhand van God . . . vanwaar Hy weer sal kom op die wolke . . . ." [4]). Ons vra heel voorlopig : Is die „credo" van die Kerk dan mitologie ? Lyk die „**credo**" van die Kerk so ? Hier vind ons Bultmann **verre** van „saam met die Kerk en soos die Kerk". Dit is dadelik opvallend dat die geloofsbelydenis van die gemeente, soos die lidmaat dit elke Sondag bely, 'n uitgediende spreekvorm is, 'n spreekvorm wat volgens hierdie teoloog terug te voer is tot die „zeitgeschichtliche" mitologie van die Joodse apokaliptiek en die gnostiese verlossingsmites. [5]). Die verkondiging van die Nuwe testamentiese kerugma is van hierdie mitiese wêreldbeeld onafhanklik. 'n Verligte mens wat sy lewe wil „rational organisieren", stuit op hierdie uitgediende spreekvorm. [6]). Hy het dit teen die mitiese spraakgebruik, omdat die mens, wanneer hy van hierdie vreemde magte afhanklik is, „nicht Herr seiner Selbst ist". [7]).

Nog erger is dit, volgens Bultmann, dat daar in die mitologiese voorstellingswêreld van die Nuwe Testament ook voorstellings is wat mekaar weerspreek, soos byvoorbeeld die leer van die parthenogenesis (maagdelike geboorte van Jesus) en sy sogenaamde pre-eksistensie. So deurtrek is die Nuwe Testament met hierdie weersprekings, volgens Bultmann, „dass ein eigentümlicher Widerspruch das Neue Testament als

---

4) *Rudolf Bultmann:* Neues Testament und Mythologie, bls. 15 en 16.

5) *R. Bultmann:* Jesus, Tübingen 1951, bls. 19 tot 26.

6) *R. Bultminn:* Neues Testament und Mythologie, bls. 19.

7) *R. Bultmann:* Neues Testament und Mythologie, bls. 23.

ganzes durchzieht." [8]. Dit is duidelik waartoe die drang van die moderne mens, naamlik om sy lewe „rational" (volgens die maatstawwe van sy rede) in te rig, Bultmann gedwing het. Die Evangelie moet omgebuig word totdat dit presies in hierdie ratio-skema inpas. Ons het hier te doen met 'n herlewing, in sekere sin, van die „Aufklärung" van die agtiende eeu, die eeu waarin die mens by uitnemendheid wou uitgroei tot „Herr seiner Selbst". Hier is Bultmann **weg** van die Kerk en **ver** van die Kerk! Sy antropologie is die Bybel vreemd en daarom ook vreemd aan en in die Kerk.

Ons wil ook hier erken dat dit inspanning verg om Bultmann altyd te verstaan. Geen wonder dat die Tübingense professore verklaar het dat dit tipies van hierdie teologie is, dat dit „mehrdeutig" is [9]. Bultmann verklaar dat hy die mitologie van die Nuwe Testament nie krities wil **elimineer** nie, maar krities wil **interpreteer**. Hy oefen juis kritiek uit op Adolf von Harnack omdat laasgenoemde die kerugma, as gevolg van bepaalde religieuse en etiese grondgedagtes, gaan reduseer het en versmal het tot 'n religieus-eties gemotiveerde soort van christelike etiek. So wil Bultmann nie te werk gaan nie. Tog is dit baie duidelik dat ook hy die Nuwe Testament benader met filosofiese vooronderstellings en wel van 'n heel bepaalde filosofie van ons tyd. Die interpretasie van die Nuwe Testamentiese mitologie moet **eksistensieel** van aard wees. Dit is duidelik dat die **Eksistensie**-filosofie die verkyker word wat die verafgeleë Bybelse waarhede moet naderbring. Alleen wanneer die verkondiging so geskied dat die 20ste eeuse mens sy „Existenzverständnis" daarin verduidelik vind en wel so, dat die vir hom 'n beslissingsvraag (Entscheidungsfrage) inhou, kry die prediking sin en betekenis. [10]. Die voorwaarde om hierdie mens in die prediking voor die beslissingsvraag te stel, hou in dat die heilsgebeure geen mirakel moet wees nie, maar wel 'n **historiese** gebeure in die ruimte en tyd. Die Woord van God is vir hom die **nugtere** (as duidend op die rede) verkondiging van die persoon van Jesus van Nasareth as werklik historiese mens in sy heilshistoriese betekenis. Wanneer hierdie Jesus van Nasareth verkondig word, moet die prediker elke „Jenseits" vermy en hom bepaal by die „Diesseits" in die werklike geskiedenis, en wel so dat 'n evangeliese gebeurtenis in die geskiedenis van negentien eeue gelede, betekenis vir my as hoorder inhou, 'n historiese waarheid wat my as hoorder tegemoet tree! Om 'n betroubare historiese beeld te bekom, moet die teoloog met die bronne krities te werk gaan, omdat die sg. „gemeentelike teologie" wat daarin verwerk is, vir die verkondiging nie in aanmerking kan

---

8) *R. Bultmann:* Neues Testament und Mythologie, bls. 24.

9) Für und wider Bultmann, bls. 28.

10) Bultmann stel die eis tot „einer existentialen Interpretation der mythologischen Begrifflichkeit". *Neues Test. und Mythologie,* bls. 27 en 28.

kom nie. Wat kom dan wel vir die verkondiging in aanmerking? Slegs daardie deel van die Sinoptiese Evangelies uit die Aramese oorlewering van die oudste Palestynse gemeente kan geld as bron van verkondiging van Jesus! In sy kritiese analise van die Evangeliese verhale, het hy hierdie dele uitgesoek as synde betroubaar. Die ander is bygewerkte „gemeentelike teologie" wat van sekondêre belang is! [11]). Stukke wat 'n gemeentelike kleur het en wat slegs tot die Hellenistiese bronne terug te voer is, verkondig nie meer die oorspronklike historiese Jesus nie. [12]). In hierdie bygekome Hellenistiese stukke is van Jesus 'n metafisiese wese gemaak en is Hy deur hulle verhef tot Seun van God, na anologie van die Griekse godeseuns waarvan sommige ook sogenaamd uit 'n maagd gebore is! Dis hierdie latere christene wat aan Hom die goddelike natuur toegeken het, „die ihm selbst so fremd wie möglich war"! [13]). In sy werk, „Die Geschichte der Synoptische Tradition", het Bultmann uitvoerig aangetoon waar en hoe hy die skeiding maak tussen die woorde van Jesus aan die een kant, en die bygewerkte „Wundergeschichte" afstammend uit Hellenistiese kringe, aan die ander kant. Bultmann beweer dat dit ook nie veel verg om vas te stel hoeveel van hierdie berigte oor die wonderwerke histories is nie. Bultmann se „Bybel" het werklik „dun" geword! Hy lees die Bybel **geensins** saám met die Kerk en soós die Kerk nie! [14]).

**Kritiese Beskouing:**

1. Dit het reeds uit voorafgaande duidelik geword dat die Eksistensie-filosofie duidelik 'n woord te spreek het in die „Entmythologisierung" van Bultmann. Die Eksistensie-filosofie verskaf die fundament vir die verstaan en interpretasie van die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament word geinterpreteer in terme van die mensbeeld uit hierdie filosofie. Dit is dan ook beswaar nommer een wat die Teologiese Fakulteit Tübingen teen hulle kollega Bultmann ingebring het, dat sy uitleg filosofies geïnspireerd is: „Es wird hier zum mindesten nicht nur ausgelegt, nicht nur gehört, was der Text sagt, sondern immer zugleich auch etwas **von den mit herzugebrachten philosophischen Voraussetzungen in ihn hineingelegt und dadurch sein Inhalt verändert.** [15]). Bultmann luister nie is die eerste plek na wat die teks inhou nie, hy luister ook nie in die tweede plek na die getuienis van die Kerk, hoe die Kerk hierdie of daardie teks verstaan nie, maar hy bring die vooronderstellings van 'n **bepaalde filosofie** nl. die Eksistensie-Filosofie mee

---

[11]) *R. Bultmann:* Kerygma und Mythos, bls. 52 en *E. Brunner:* Dogmatik 2, bls. 314.

[12]) *R. Bultmann:* Jesus, Tübingen 1951, bls. 7 en 10.

[13]) *R. Bultmann:* Jesus, bls. 14 en 15 en 180.

[14]) *R. Bultmann:* Jesus, bls. 146 en 147.

om dit in die teks in te bed, met die gevolg dat die inhoud en die bedoeling van die teks daardeur wesenlik verander word. Ook **Van Niftrik** het die Eksistensie-filosofie agter hierdie teologie opgespoor toe hy die prinsipiële vraag aan Bultmann gestel het: „Is dit waar dat 'n teologiese uitspraak alleen dan as geldend erken kan word, wanneer so 'n uitspraak geinterpreteer kan word as 'n egte bestanddeel van die christelike verstaan van die **menslike eksistensie?**" [16]). Vanuit die behoefte en eise van die menslike persoonlikheid, veral vanuit die redelike aspek van die mens-wees, word die teologie benader. Sodoende word die eksegetiese sowel as die sistematiese teologie herlei tot 'n antropologiese engheid. Ook **Emil Brunner** kom tot dieselfde konklusie as Van Niftrik wanneer hy sy bedenkinge opper: „Word die objektiewe geloofsgrond by Bultmann nie so opgelos dat slegs 'n subjektiewe **gelowigheid** oorbly nie? Het die geloof, volgens Bultmann, nie geword tot 'n immanente houding nie en is hy nie besig om die teologie in 'n antropologie om te skep nie ?" [17]).

Verder is dit duidelik dat die **heilsfeite** in die heilsgeskiedenis sterk in gedrang kom wanneer Bultmann die norme van die wetenskap van die geskiedenis toepas op die Heilsgeskiedenis, soos byvoorbeeld op die opstanding van Jesus Christus. As gevolg van sy eise om 'n heilsgebeurtenis tot 'n werklike historiese **factum** te maak, kom hy tot die gevolgtrekking dat daardie gegewens van die Nuwe Testament wat die toets om werklike historie te wees, nie kan weerstaan nie, „entmythologisier" moet word. So word die heilsfeit van die opstandisg as 'n werklike historiese gebeurtenis in ruimte en tyd geskrap. Hierop antwoord die Fakulteit in Tübingen skerp en kort : Es ist nachweislich falsch . . . . [18]). Die Kerk leef by die opstanding van Christus. **Bultmann . . . . is lynreg teenóór die Kerk !**

**Waarskuwing:**

Die waarskuwing wat in Tübingen teen Bultmann uitgereik is, kan ook in Pretoria, Stellenbosch, Potchefstroom en selfs te Wits afgekondig word. Of die Eksistensie-filosofie op hierdie dag en datum nog die geeste aangryp soos vyftien jaar gelede, durf skrywer van hierdie artikel nie uitmaak nie. 'n Skoenmaker moet hom by sy lees hou. Daar is egter vandag 'n ander soort filosofie wat die geeste aangryp, 'n filosofie wat deur en deur antroposentries is. Hierdie filosofie ken ons lankal, maar ons sien in ons dae vir die eerste keer watter afmetings dit aangeneem het as **20ste eeuse V.V.O. humanisme.** Dit is hierdie filosofie wat hoege-

---

15) „Für under wider Bultmann", bls 21. Ons kursiveer.

16) Dr. G. C. van Niftrik: „Zie de Mens". G. F. Callenbach, Nijkerk, 1951, bls. 374.

17) Emil Brunner: Dogmatik, deel 2, bls. 314 en 315.

18) Für und wider Bultmann, bls. 35.

naamd nie vra na die broederskap **in Christus** nie, maar wat vanaf die V.V.O. platform eis dat biologiese broederskap en susterskap oor die lengte en breedte van die wêreld afgekondig word. Hierdie humanistiese gelykskakelings-V.V.O.-filosofie het 'n merkwaardige indruk op 'n hele aantal teoloë gemaak. Deur hierdie „broederlike" en „susterlike" bril het ook hulle begin om die Nuwe Testament weer opnuut van vooraf te verstaan. Hulle het by Mattheus I, die geslagsregister van Jesus begin. Hulle het deur hierdie bril van hierdie V.V.O. filosofie gesoek na gronde om te kan verklaar dat hierdie Jesus in sy familie, sy stamboom, ook voorvaders gehad het wat swart of geel van huidskleur was. Hulle het dit ook, na ons verneem, gevind. Dis hierdie teoloë wat heden ten dae nog onontgonne dieptes in die Bergrede, I Korinthe 13 ens., ontdek. In wese het hulle dieselfde fout begaan as Bultmann : Die Nuwe Testament word **filosofies geinterpreteer** ! Ook dit het veel tot verwarring in die gemoedere van jong teoloë bygedra. **Laat Bultmann se filosofies geinspireerde en geinterpreteerde teologie vir ons 'n waarskuwing wees.** Ons het 'n vae vermoede dat die Eksistensie-filosofie, wat enkele jare gelede nog in die mode was, vandag deur baie filosowe as „uitgedien" beskou word. Ons het dieselfde vermoede dat hierdie V.V.O.-humanisme weldra sal uitbrand soos 'n mielieblaarvuur; immers, kan 'n broederskap van nasies oor die lengte en breedte van die aarde gefundeer word in die humanisme? Ja, dit kan, maar dan **moet** dit skipbreuk ly. Alle broederskap buite die Christus van die Ou en Nuwe Testament is gebou op menslike welwillendheid, goedheid, liefde, ens. Hulle wat op hierdie basis bou het egter die huis op die **sand** gebou !

### 2. Die Gevaar van Ontsporing.

Behalwe hierdie belangrike beswaar teen die filosofiese onderbou van die „Entmythologisierung" van Bultmann, ook nog die volgende : „Entmythologisiering" beteken dat onderskeid gemaak word tussen Gods Woord en die histories bepaalde mense-woord, tussen die kerugma en die antieke denkvorme waarin die Nuwe Testament ingebed is. Die radikale wyse egter, waarop Bultman dit met soveel gemak doen, staan op een lyn met die uiterste liberalisme. [19]). Bultmann pas die maatstawwe van die filosofie, die geskiedenis en die moderne natuurwetenskap toe op die waarheidsgehalte van die Nuwe Testament. In die teologie, as **wetenskap van die Openbaring,** het hierdie norme-verwarring deur die gang van die geskiedenis van teologie, nog altyd tot ontsporing gelei. Hieronder verstaan ons die gevaar wat alle teologiese arbeid bedreig nl. dat dit i.p.v. die **sola Scriptura** te laat geld, sy norme sal ontleen uit een of ander verabsoluteerde geskape werklikheid, b.v. uit die natuur en/of uit die rede. Indien ons hierdie maatstawwe binne die teologie sou laat

---

19) *Emil Brunner:* Dogmatik 2, bls. 314 v.v.

geld, is dit duidelik dat ons die feit ( en by gevolg die belydenis) van byvoorbeeld die **maagdelike** geboorte van Jesus sal moet skrap, aangesien 'n sodanige ontvangenis en geboorte fisies en biologies onmoontlik en irrasioneel is. Ook is die opstandingswonder volgens maatstawwe van die moderne geskiedenis, onhistories.

Dan wanneer die teologie wetenskap wil wees in die **algemene sin**, vind ontsporing plaas, want aan wetenskap in die algemene sin van die woord, word die volgende eise gestel :

1) Sy resultate moet nie bots met die wet van kontradiksie nie; (dit moet **logies** wees).
2) Die resultate moet getoets kan word, d.w.s. dit moet kontroleerbaar wees;
3) Die resultate moet agting hê vir die fisiese en biologiese onmoontlike;
4) Die ondersoek moet geen **vooroordeel** bevat nie. (Die „Voraussetzunglosigkeit" daarvan moet duidelik wees);
5) Alle onderdele moet opgedeel kan word in aksiomas en bewysvoerings. [20]).

Hieruit is dit duidelik dat die resultate van alle pogings om die teologie in die sin van die ander wetenskappe sinvol te maak, die oorgawe van die vrye en soewereine Openbaring van God aan die algemene konsepsie van die wetenskappe, in casu die natuurwetenskap en geskiedswetenskap beteken het. 'n Blik in die geskiedenis van die teologie sal hierdie verwarring illustreer. **Karl Barth** het hierdie poging van die 18de en 19de eeue treffend beskryf as die tyd van die **„Verwissenschaftlichung onder Philosophisierung"** van die teologie. [21]).

Dit is deur hierdie verkeerde toepassing van maatstawwe van die algemene wetenskappe (waarin die **„ratio" die hoofrol speel)** op die teologie, dat die agtiende eeu as eeu van die „religiöse Aufklärung" meegebring het die sg. „triomferende" kritiek op die Kerk, Bybel en dogma. Dit was die tyd van die „Umdeutung" en „Negierung" van die openbaringswaarhede op grond van die filosofie en natuurwetenskap, die reduksie van die leer van die christendom tot 'n natuurlike of „vernunftige Religion" [22]). So het die eis gekom vir die daarstelling van 'n nuwe wetenskaplike „gereinigde" tipe van christelike leer, in ooreenstemming met die wêreldbeeld, die matematies-natuurwetenskaplike denke, die antroposentriese, outonomistiese filosofie; so staan die deugde van die „his-

---

20) *Karl Barth:* Kirchliche Dogmatik I, 1, bls. 7 v.v.

21) *Karl Barth:* Die Protestantische Theologie im 19 Jahrhundert, Zürich. S. 80.

22) *Karl Barth:* Die Protestantische Theologie, par. 3, bls. 80, vgl. ook *E. Brunner,* Dogmatik I, bls. 74.

tories ware" teenoor die wonder van die Bybel en bygevolg ook teenoor die wonder van die opstanding van Christus. Die gees van die mens het gestaan in die „Abneigung gegen das Wunder" [23]). Dit beteken onder andere : Drie kan nie een, en een kan nie drie wees nie — die Triniteitsleer is dwaasheid; geen „plaasbekledende geregtigheid", geen „twee-nature" nie, geen regverdigingsleer in reformatoriese sin nie, geen „eenmaligheid" van die openbaring nie; die Woord van God in Christus en die Bybel is histories te sien saam met die woord van God by ander wyses en ander „Heilige Skrifte"; die psigologiese verklaring van die **„testimonium Spiritus Sancti internum"** vind plaas. Kortom : Die wondere van die Bybel staan in botsing met die natuurwette.

Hierteenoor wil ons stel : Die ander wetenskappe het nie alleen die pagreg op die naam „scientia" nie. Ook teologie is „scientia", maar dan in hierdie sin : Die kriterium van die teologiese wetenskap is die **Openbaring van God** in die Vleesgeworde, geskrewe en gepredikte woord [24]). Hierdie weg moet die teoloog volg in al sy konsekwensies. Hy moet eers luister, dan spreek (bely). Die **„credere"** is die vooronderstelling van die **„intelligere"** en is daarom nie slegs 'n **„credere id"** nie, maar 'n **„credo in"**.

Die teoloog se „sapientia" en „scientia" is dus 'n wetenskap en 'n wysheid in heel besondere sin: Die teoloog het die fisiese en biologiese onmoontlike nie as sy probleem nie. Hy staan nie hier voor die eis van die kousaliteitswette of wet van kontradiksie nie, **omdat God in Sy Openbaring vry en soewerein is** en nie deur genoemde eise gebind word nie. Wat byvoorbeeld in Maria verwek is, is geen gevolg van 'n fisiese gebeure tussen Josef en Maria nie, dit druis teen alle natuurwette in ! Dit is 'n **daad van God** ! Daarom is die maagdelike geboorte nie te kontroleer deur die algemene konsepsie van die natuurwetenskappe nie; dit opstanding kan net so min gekontroleer word deur die geskiedswetenskap.

Wanneer ons van teologie praat as 'n „wetenskap" verklaar ons daarmee : [25]).

1) Soos alle ander wetenskappe is dit 'n **menslike** poging om kennis te verkry van 'n bepaalde objek van kennis. (Erkenntnisgegenstand).
2) Soos alle ander wetenskappe volg dit 'n **bepaalde weg** om die kennis te bereik.
3) Soos alle ander wetenskappe moet die teologie kan rekenskap gee waarom hy hierdie of daardie bepaalde weg volg.

---

23) *Karl Barth:* Die Protestantische Theologie, bls. 80-92.

24) *Karl Barth:* K.D. I, 1, bls. 291-305.

25) *Karl Barth:* Die Lehre vom Wort Gottes. Erster Halbband, Zürich, 1947. S. 7.

Die opstanding van Christus **kan** ook histories, met die maatstawwe van die historiese wetenskap ondersoek word. Die teoloog hoef, om „wetenskaplik" te wees, nie gebruik te maak van lg. wetenskap se maatstawwe nie. Hy kan daarvoor wel agting hê, maar staan, vanaf sy basis gesien, in geen verpligting om die metodes van die historikus te volg nie. Sy maatstaf is die **Openbaring van God in Sy Woord.** Dis 'n **gegewe** maatstaf! Hy het dit nie deur vindingrykheid daargestel nie.

Ons is welbewus daarvan dat die opskrif: „ . . . . Nie saam met die Kerk en soos die Kerk nie", 'n sterk Roomskatolieke bysmaak kán hê! Ons wil u egter verseker dat ons dit in gedagte gehad het, dat die reformatoriese Skrifbeskouing, die Kerk voortdurend onder die outoriteit van die Woord van God stel. Ons is ook welbewus daarvan dat in die reformatoriese dogmatiek en Konfessies die **locus de Scriptura** baie duidelik gestel word. (Ons vgl. bv. die Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikels 3 tot 7). Ons lesing-opskrif mag nie die misverstand verwek, dat daardie teoloog wat nie saam met die Kerk en soos die Kerk spreek nie, **per se** „afgeskryf" moet word nie. Ons het Bultmann afgewys nie omdat hy in die allereerste plek met die kerklike Konfessies in botsing gekom het nie, maar juis omdat die **Scriptura sacra** deur hom soveel geweld aangedoen is. Dit is vir hom wel **scriptura** maar nie **sacra** nie, nie **sola scriptura** nie, maar **scriptura et philosophia.** Ons het dit ernstig teen hom dat hy deur sy filosofiese bril 'n teologie opgestel het. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, begin in artikel 7, nie met filosofiese nie, maar met soteriologiese interesse (ut **salutem consequantur**). Die Reformatoriese Kerk, saam met wie Bultmann nie **kon** bely nie, bely dat die Heilige Skrif die wil van God **volkome (perfecte)** bevat, en dat dit wat strek tot saligheid van die hoorders in die Skrif **genoegsaam (sufficienter)** geleer word. Hierdie **„perfecte"** en **„sufficienter"** is deur Bultmann, op grond van sy entmythologisierung geskrap.

Ons wil ook nou van **Bultmann** afskeid neem, nie met 'n Belydeniswoord as ons laaste en finale basis nie, maar wel met 'n woord uit die Geskrif wat hy sóveel geweld aangedoen het, die Nuwe Testament. Ons verwys na Petrus I vers 16, die vertaling van **Petrus Canisius:**

> „We hebben u immers de kracht en de komst van onzen Heer Jesus Christus verkondigd, niet als napraters van listig verzonnen sprookjes, maar als ooggetuigen van Zijn Majesteit".

Ons beklemtoon:

> **„ . . . . niet als napraters van listig verzonnen sprookjes . . . ."**

**P. J. T. Koekemoer.**